# DIE GROOT TREK: HOE GROOT?

Prof P H Kapp
Dept Geskiedenis
Universiteit van Stellenbosch

Gebeurtenisse wat 'n wending aan die geskiedenis gegee het, is heel dikwels die onderwerp van intense debat. Daardeur word die dinamiese karakter van die gebeure erken en word by implikasie daaraan 'n besondere plek in die geskiedenis toegeken. Die herdenking van die Groot Trek vestig opnuut weer die aandag op hierdie stuk geskiedenis en skep die geleentheid vir standpunt- en stellinginname. Die onderwyser wat vir sy leerlinge die Groot Trek in sy werklike historiese perspektief wil plaas, word daarom met 'n reeks sogenaamde interpretasies gekonfronteer en hy moet vir sy leerlinge leiding gee en 'n koers aandui. Hierdie artikel is met die oog daarop geskrywe en nie met die doel om die Groot Trek as sodanig te behandel nie.

Soos te begrype verskuif die navorsingsfokus oor aspekte van die geskiedenis na mate op nuwe vrae en probleme toegespits word. In die afgelope twee dekades het navorsing oor die tydgenootlike gebeure van die Groot Trek die aandag gevestig op die geskiedenis van die binneland van Suider-Afrika in die periode voor die Groot Trek. Ander navorsing oor die personalia van die Voortrekkers en die tweede golf van Voortrekkers wat op die sport van die eerste groep Voortrekkers gevolg het, het nuwe insigte in die voorbereiding en beplanning van trekkers en in die verskillende motiewe waarom individue getrek het, gebring. Biografiese studies oor Erasmus Smit, Andries Pretorius en Sarel Cilliers het in meer besonderhede op 'n aantal aspekte waarby hulle betrokke was, ingegaan. In 'n evaluering van die werklike betekenis van die Groot Trek moet nuwe insigte wat deur hierdie navorsing na vore gebring is binne die totale konteks van die beeld van en insig in die Groot Trek oorweeg word. In 'n artikel van beperkte omvang soos hierdie kan daar egter nie op fynere besonderhede ingegaan word nie en kan volledigheid nie bereik word nie.

## 1. Belangrike agtergrondaspekte

Trekbewegings was deel van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Kleiner en groter groepe was op verskillende tydstippe in die geskiedenis op trek en om te trek was vir al die bevolkingsgroepe, uitgesonderd die gevestigde Wes- en Suid-Kaapse bevolking, teen die begin van die neëntiende eeu 'n bekende lewenswyse. Daarom is dit belangrik om te beklemtoon hoe die Groot Trek van die ander trekbewegings verskil. Die Groot Trek was 'n georganiseerde, gekonsentreerde en gemotiveerde emigrasie van Afrikanergrensbewoners uit die Oos- en Noordoos-Kaap met die bedoeling om nooit weer na die Kaapkolonie terug te keer nie en 'n permanente vestiging(s) in die binneland tot stand te bring. Die feit dat mense wel teruggekeer het en dat ander groepe later na die Transoranje verhuis het, verander nie die wesenlike aard van die Groot Trek nie.

Omdat die Groot Trek in afsondering en as 'n vertroulike onderneming onder grensbewoners beplan is, was daar uit die aard van die saak geen openbare propaganda vir die onderneming nie. Bronne en inligting is baie beperk en ontwikkelinge het dikwels op 'n sporadiese en persoon-vir-persoon basis geskied. Daarom stem geskiedskrywers nie altyd saam oor wanneer die Groot Trek begin of eindig nie, wie daarby betrokke is en waarop gekonsentreer moet word nie. Die tydperk 1834-1840 verteenwoordig die hoogtepunt van die Groot Trek, hoewel daar ná 1840 nog trekgeselskappe na die Transoranje beweeg het. Presies hoeveel mense aan die Groot Trek deelgeneem het, is om begryplike redes ook 'n saak vir groot verskil van mening. Die minimum getal wat vermeld word, is 10 000 met 15 000 waarskynlik 'n goeie gemiddelde. In reële terme is dit nie 'n groot getal mense nie, maar in verhouding tot die totale blanke oosgrensbevolking was dit 'n baie beduidende getal mense wat vir die ekonomie en die veiligheid van die oosgrens 'n groot verlies was.

Die term Groot Trek en die benaming Voortrekkers, soos met talle belangrike historiese gebeure, het eers veel later as die gebeure self in gebruik gekom. In die wetenskapstaal sal gesê word dit is veralgemenende terme of konsepte wat ontwikkel is om die bepaalde verskynsels te beskryf. Die tydgenootlike term wat gebruik is, was emigrante-boere of landverhuisers. Dit is eers ná 1870, toe besef is dat hierdie beweging iets groters en meer betekenisvol as as die normale trekbewegings van die tyd, dat die begrip Groot Trek in gebruik gekom het en dat besef is dat die Voortrekkers 'n ander band met die gebeure het as die natrekkers wat hulle later in die Voortrekkergebiede gevestig het.

Daar moet ook 'n duidelike onderskeid gemaak word tussen die trekboerbeweging en die Voortrekkers hoewel die oorgang van 'n trekboer na 'n Voortrekker gemaklik en onopmerklik kon geskied. Die trekboere was veeboere wat oor die grens na veral die Transoranje beweeg het ter wille van water en weiding.

Teen 1844 was daar waarskynlik ongeveer 1 500 van hulle tussen die Oranje- en die Modderriviere gevestig. Sommige het hulle verblyf as bloot tydelik beskou, terwyl ander plase van die Griekwas gekoop het en hulle permanent gevestig het. Hulle het mettertyd meer georganiseerd geraak en vir M.A. Oberholzer as hulle leier aanvaar. Die groot verskil tussen hulle en die Voortrekkers was die feit dat hulle lojale Britse onderdane was wat gretig was dat Brittanje sy gesag oor die gebied noord van die Oranjerivier moet uitbrei. Hulle het dan ook 'n petisie in dié verband aan die Britse regering gerig en het die anneksasie van die gebied in 1848 as die Oranjerivier Soewereiniteit verwelkom.

Die feit dat die Voortrekkers oorwegend Afrikanergrensboere was, laat die vraag ontstaan hoekom ander Afrikaners en Engelse Setlaars nie ook aan die Groot Trek deelgeneem het nie, hoewel enkele gesinstrekke uit ander dele as die grensgebiede en selfs uit die Boland getrek het. Drie faktore het meegebring dat hulle nie by die Groot Trek betrokke kon raak nie. Eerstens het die gevestigde landbouers op die graan- en wingerdplase dit veel moeiliker gevind om hulle belange in die produksie en bemarking van hulle produkte prys te gee vir die veel meer onsekere en rustelose bestaan van 'n veeboer. Tweedens was hulle ook nie mense wat gewoond was aan 'n mobiele lewenswyse nie. In die derde plek het hulle nie die Sesde Grensoorlog en sy gevolge beleef nie. Hulle het hulle eie probleme en klagtes gehad veral oor die behandeling wat hulle met die vrystelling van die slawe ontvang het en hulle ontevredenheid met die Kaapse en Britse regerings se pogings om deur wetgewing die arbeidsverhoudinge te reël. Hulle was egter polities relatief onbetrokke en ongemotiveerd en die groeiende ontevredenheid sou eers met die stigting van die Boere Beskermingsbond (1879) vorm begin aanneem.

Vir die Britse Setlaars was wegtrek geen lewensvatbare opsie om van hulle probleme ontslae te raak nie. As nuwelinge was hulle met die mobiele lewenswyse onbekend en het hulle nie die Voortrekkers se strewe om weg te kom van die Britse gesag gedeel nie. Hoewel hulle ook baie ontevrede was met die herroeping van sir Benjamin D'Ur-

die ander die republikeinse stelsel aanvaar. Maar die ware betekenis van die republikeinse strewe lê veel enger, naamlik in die rol wat dit sou speel in die ZAR en die OVS in die ontwikkeling van 'n nasionale bewussyn en strewe by die Afrikaner.

4. Die Groot Trek het ook die weg gebaan vir die vestiging van blanke oorheersing en mag in Suid-Afrika. Die twee veldslae van Vegkop en Bloedrivier het die mag van Mzilikazi en Dingane beëindig. Mosjeswe se mag is nie gebreek nie, maar sy magsbasis is ingeperk. Die oorloë wat sou volg teen die Basoetoe's, Bavenda's, Shangaans, Swazi's en ander was juis die gevolg van die vestiging van 'n blanke mag in die binneland en die mededinging om skaars hulpbronne wat daaruit voorgevloei het. Nie een van hierdie volke is totaal verdryf nie en elkeen het ten spyte van verlies van grondgebied waarop hulle aanspraak gemaak het, die hartland van hulle magsbasis behou. Die onderlinge oorloë is ook grotendeels beëindig wat 'n tydperk van groter stabiliteit in die binneland tot gevolg gehad het.

**5. Die Afrikaner en die Groot Trek**

In die Afrikaner se geskiedbeeld het die Groot Trek 'n besondere plek ingeneem. Saam met die Anglo-Boere-oorlog is dit as die twee sentrale momente in die Afrikaner se volksgeskiedenis beskou omdat dit die opkoms van Afrikanernasionalisme en sy stryd teen Britse imperialisme sou versinnebeeld. Die Groot Trek is in belangrike opsigte geromantiseer. Die jaarlikse herdenking van die Slag van Bloedrivier en die Gelofte het 'n belangrike plek in die volkslewe ingeneem. Dit het meegebring dat die invloed van die Groot Trek in die Afrikaanse volkslewe veel wyer geloop het as die oorspronklike historiese gebeure.

Die opkoms van 'n nasionalisme by Swart volke en die sterk groei van die Zoeloe se kultuur- en identiteitsbewustheid het al hoe meer die aandag op hulle vertolking van die Groot Trek en spesifiek Bloedrivier en die Gelofte gevestig. Aan die een kant het dit tot skerp kritiek op die Groot Trek en die Afrikaner se belewing daarvan gelei. Aan die ander kant is al hoe meer gesoek na 'n nuwe raamwerk om die Groot Trek en sy betekenis te ontromantiseer. So word vandag byvoorbeeld veel minder klem op die veldslag van Bloedrivier en op die ou Dingaansdag gelê en word die aandag toegespits op die besondere betekenis van die Gelofte as 'n daad wat nie teen die Zoeloes as sodanig gemik is nie, maar as iets wat ook 'n universele boodskap dra: die erkenning van die mens se afhanklikheid van God. 'n Ander raamwerk is dié wat klem lê op die sogenaamde mites van die Groot Trek wat in die Afrikaner volkslewe opgeneem sou wees. Die vernaamste hiervan kan soos volg saamgevat word:

- Sarel Cilliers is nie die held van Vegkop, die vader van die Gelofte of die verhewe heldefiguur wat hy voorgehou is nie.
- Die Slag van Bloedrivier was nie 'n deurslaggewende gebeurtenis in die geskiedenis van Suid-Afrika nie— dit het nie die lot van die Groot Trek of die toekoms van die Afrikaner bepaal nie en kan nie as 'n goddelike beskikking beskryf word nie.
- Die Gelofte is net bindend op die nageslag van diegene wat dit afgelê het en is dus nie iets wat die Afrikaner as sodanig onder 'n verpligting plaas nie. Die huidige teks van die Gelofte is ook nie die oorspronklike teks nie. Die feit dat die Sabbatwette op Geloftedag van toepassing gemaak is in die vyftigerjare is strydig met die beginsel van die Sabbatserkenning en met die Gelofte self. Die Gelofte het nie vereis dat 16 Desember as 'n Sabbatdag beskou moes word nie.
- Die Afrikaner word daarvan beskuldig dat hy Bloedrivier en die Gelofte so interpreteer as sou dit bewys dat God aan die Afrikaner se kant is en dat dit hom die reg gee om oor ander te heers.
- Nòg Sarel Cilliers as persoon nòg die Voortrekkers in die algemeen het die gees van die Gelofte nagekom want hulle het nie sendingwerk onderneem om daardeur die verspreiding van die Christendom aan te help nie.

By 'n oorweging van hierdie argumente moet 'n mens waak daarteen om in 'n pedantiese interpretasie van historiese gebeure te verval. Dit gebeur veral wanneer 'n mens ontromantisering van die geskiedenis ter wille van mitologiejag wil toepas. Die waarheid in die historiese wetenskap vereis daardie belangrike vermoë om 'n gebeurtenis in sigself en in sy totale konteks te begryp. Dit impliseer 'n totale en verantwoorde verstaan binne die perke van die historikus se eie en tydgenootlike raamwerk. In die mate waarin dié proses 'n historiese gebeurtenis in sy ware en volledige historiese konteks plaas, lewer dit 'n belangrike bydrae om 'n gebalanseerde perspektief op die gebeure moontlik te maak. Die gevaar is egter ewe groot dat so 'n poging eerder tot 'n proses van bewuste ontluistering kan lei.

In die pogings tot 'n hervertolking van die Geloftegebeure word gegewens té selektief en eensydig vertolk. Terwyl dit waar is dat vroeë geskiedskrywers 'n oordrewe beeld van leiers soos Piet Retief, Andries Pretorius en Sarel Cilliers geskep het, is die pogings om 'n beter perspektief te stel te sterk op 'n afkraking van hierdie persone ingestel. Die swakhede en tekortkominge wat byvoorbeeld ten opsigte van Sarel Cilliers uitgewys word, verander eintlik niks wesenlik aan sy plek en rol nie. 'n Gebalanseerde oordeel sou eerder die klem op sy prestasie te midde van gewoon-menslike gebreke lê as op 'n verkleinering van die persoon self.

'n Aanspraak dat Bloedrivier die toekoms van die Afrikaner bepaal het, is in alle geval 'n onhistoriese aanspraak. Dat dit 'n belangrike rol in die ontplooiing van die Groot Trek gespeel het, is 'n feit. Om egter kategories te beweer dat dit die triomf van die Christendom of die sukses van die Groot Trek verseker het, is 'n oordrywing wat nie standhou nie. Dit verander egter niks aan die wesenlike waarde en betekenis van die gebeurtenis nie.

Dit is sekerlik nie die taak van die historikus om hom uit te spreek oor die vraag of sekere gebeure in die geskiedenis wonderwerke van God is of nie. Sy taak is beperk tot 'n korrekte feitlike weergawe en 'n verantwoorde verklaring van gebeure. Dit ontneem egter nie gelowiges die reg om te glo in God se ingryping in die geskiedenis nie. As die individu dit aangaande sy eie persoonlike lewe kan en mag glo, is dit sekerlik nie vreemd dat 'n volk dit oor iets uit sy geskiedenis sal glo nie. Maar so 'n oortuiging mag nooit by die gelowige tot selfverheffing lei nie maar eerder tot nederige erkentlikheid.

Die aanspraak dat die Voortrekkers nie as verspreiders van die Christendom opgetree het nie omdat hulle geen sendingwerk gedoen het nie, doen vreemd aan. Dit hou nie rekening met die feit dat die Voortrekkers self van betekenisvolle geestelike versorging verstoke was nie. Dit gee ook nie erkening aan die feit dat die stabiliserende rol van die Voortrekkers juis sendingwerk makliker gemaak het nie. Dit misken ook die groot rol wat die Voortrekkers gespeel het om binne die patriargale verband die Christelike godsdiens te versprei onder diegene wat in hulle diens was. Dit is ook in die pioniersomstandighede waaronder die Voortrekkers gelewe het, veel gevra om dinge van hulle te verwag wat buite hulle vermoë en omstandighede op daardie tydstip was.

Die isolering van die Gelofte van die ontwikkeling wat dit in die neëntiende en twintigste eeu deurgemaak het, is 'n ernstige verskaling. Die geskiedenis van die herdenking van Geloftedag is die verhaal van hoe die eenvoudige Gelofte van Danskraal tot 'n volkome volksbesit gegroei het wat vir die Afrikaner 'n veel groter en omvattender waarde en betekenis gekry het as wat Andries Pretorius

en Sarel Cilliers ooit kon droom. Wie daarmee nie rekening hou nie, kan nie die diepere invloed en betekenis van die Gelofte na reg begryp nie. Geloftedag is ook nie tot 'n Sabbat verhef nie— die sekulêre sabbatswette is net daarop van toepassing gemaak om die besonder erns en gewydheid van die dag te beklemtoon. Die feit dat die wette ook op Goeie Vrydag en Kersdag van toepassing gemaak is, het ook nie een van hulle tot 'n sabbat verklaar nie.

'n Volk se geskiedenis is nie iets wat met kille, kliniese sterielheid deur hom bejeën word nie. 'n Volk wat dit met sy geskiedenis doen, verlam homself. Opregte waardering en entoesiasme kan egter ook nie op valshede of verdraaiings gebou word nie. 'n Gesonde en waarheidsgetroue romantisering van die geskiedenis is geen sonde nie mits dit op 'n verantwoorde, ewewigtige en gemotiveerde beskouing van die geskiedenis berus. Hiertoe het die kultuuropvoeding van die kind 'n groot bydrae om te lewer. Daarin moet die geskiedenisonderwyser 'n sleutelrol speel. Dit vereis kennis, insig, begrip en belewing.